**KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG**

**GAMKARIVIER DAGSTAP/-SWEM**

**21 FEBRUARIE 2026**

Wanneer ʼn mens ʼn stapaktiwiteit doen waar jy weet jy moet deur diep water swem en nat word, is daar ʼn paar dinge wat bepaal in hoe ʼn mate jy die stapaktiwiteit en swem wat daarmee gepaard gaan, geniet. Een so ʼn item is ʼn droësak ("drybag") wat veronderstel is om alles wat 100% droog moet bly, 100% droog te hou – kameras, GPS'e, selfone ens. Dit is dan ʼn taamlike ontnugtering as jy ʼn halwe kilometer deur diep water geswem het, jy jou droësak uithaal, oopmaak en vind dat alles in die droësak – die klub se mediese houer, GPS en selfoon (laasgenoemde twee items was ook in toegeritste "ziplock"-sakkies) – sopnat is! Verdere ondersoek wys twee gaatjies in die droësak, wat nou 20 jaar oud is, waar dit besig is om los te trek. Boodskap hieruit: Voordat jy jou droësak volgende keer gebruik, gooi dit vol water, bind dit toe, draai dit in die rondte en kyk of daar nie iewers water uitloop nie. Dit is die enigste manier om seker te maak dit is nog waterdig. As jou droësak ouer as 10 jaar is, kan jy hom sommer nou gaan weggooi – hy gaan jou in die steek laat! Nog ʼn les geleer: "Ziplock"-sakkies – in elk geval sekeres van hulle – is NIE waterdig NIE.

Dit alles het ons nog nie geweet nie toe ons groep van 23 om 09:00 op Saterdagoggend 21 Februarie 2026 ons voertuie by Charles Erickson-hulle se plaasopstal naby die brug oor die Gamkarivier tussen Calitzdorp en Ladismith parkeer om die sowat 10 km deur die kloof met die Gamkarivier langs terug in die rigting van Calitzdorp aan te pak. Almal was oorgehaal met klere wat maar kon nat word, lilo's, "noodles" en allerhande ander goed wat hulle in die diep water sou help dryf.



Dit is altyd lekker om soveel nuwe klublede en vriende van klublede op ʼn stap te sien, veral as hulle so lekker gemaklik inskakel en deel van die groep word!

Vanaf die opstal het ons oor die R62 gestap, by ʼn keerwal in die rivier verby en oor ʼn vlakte met die droë rivierloop langs voordat ons by die gedeelte van die rivier met die meer water gekom het.



*Die eerste end deur die veld voordat ons by die water kom.*

Ons het die suidelike oewer van die rivier gevolg voordat ons ons teen die kranse vasgeloop het en verplig was om met die rivier langs om die kranse te swem. Uiteindelik het ons sowat 1,5 km ver in die rivier af geswem/gewaad voordat ons ’n plek gekry het waar ons kon uitklim en weer die paadjie verder kon volg.



*’n Koele lafenis op ’n warm dag!*

Ons het middagete op ’n rotsbank genuttig (die wat nog kos gehad het om te eet) en daarna verder langs die rivier gestap tot by ’n damwal, waar ons weer vir ’n tyd geswem en ontspan het. Daarna het ons verder met die besproeiingskanaal en plaaspaadjies langs gestap tot by Adrian se voertuig waarmee hy die bestuurders van die voertuie terug na die beginpunt geneem het om hulle voertuie te kry.



*’n Laaste swem by die damwal en toe in die kanaal langs verder.*

In Calitzdorp het ons by ’n plek ons dors gaan les, en so het ons nog ’n dagstap met mooi herinneringe voltooi! Dankie aan almal wat dit ’n onvergeetlike ervaring gemaak het

Tot volgende keer!

**Danie Steyl**